

13 September

Skrifgedeelte: Romeine 12:1-8

Fokusgedeelte: Romeine 12:4.5

### Ontdek jou gawes

**D**ie apostel gebruik hier die beeld van die menslike liggaam om aan ons bekend te maak hoe die lidmate in die kerk van Christus moet funksioneer. In die gemeente is daar verskeie gelowiges wat elkeen van die ander verskil, omdat God deur die kragtige werking van die Heilige Gees aan hulle verskillende genadegawes gee. Saam funksioneer die gemeente egter as 'n eenheid wanneer elkeen sy/haar gawes ken en uitleef.

Vir jou wat in Jesus glo, het God ook 'n gawe of gawes gegee deur die Heilige Gees. Dit is 'n bepaalde vermoë wat die Here wil hê dat jy in sy kerk moet gebruik tot sy eer en tot opbou van sy gemeente. Miskien weet jy wat jou gawes is en dien jy God en jou naaste reeds daarmee. Onthou dat jy altyd kan groei in die uitleef van jou gawes en later in jou lewe gawes kan begin gebruik wat aanvanklik nog vir jou verborge was. As jy nie weet watter gawes God aan jou gegee het nie en hulle nog nie gebruik het nie, moet jy nie moedeloos of onkundig voel nie. Lees Romeine 12:6-8 weer aandagtig deur en ook ander gedeeltes wat oor die gawes handel, soos 1 Korintiërs 12, Efesiërs 4:1-16 en 1 Petrus 4:7-11. Bid opreg dat God jou sal lei om jou gawes te identifiseer en tot sy eer en die uitbou van sy koninkryk op aarde te gebruik.

Gelowiges wat dien volgens hulle gawes voel bruikbaar, gelukkig en vol vreugde in diens van God. Beoefen jou gawes egter altyd vanuit 'n lewende verhouding vol liefde vir God en jou medemens.

*Sing: Skrifberyming 9-4:1, 2, 3*

*Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)*